higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

LANDBOUBESIGHEID
NKR VLAK 4

(1011034)

17 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 1 antwoordblad.

422Q1N2217

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word gegee as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK.

1.1.1 Kostes wat NIE gebruik kan word om vaste koste te definieer nie is kostes wat …

A dieselfde bly ongeag die volume uitset.
B volgens die produksievlak verander.
C wysing met klein veranderings aan die grootte van die onderneming nie.
D vir meer as een jaar duur.

1.1.2 Die omvang of grootte van produksie wat die vermoë meebring om ’n wins te maak, word ... genoem.

A skaalbesparings
B optimering
C maksimering
D produktiwiteit

1.1.3 ’n Besigheid wat twee of meer mense saam begin en die kostes, risiko’s en wins deel, word ... genoem.

A ’n gesamentlike onderneming
B alleenhandel
C bilaterale handel
D ’n beslote korporasie

1.1.4 Die transformasie van kommoditeite hetsy gedeeltelik of ten volle in ’n vorm waarin hulle verbruik kan word, is ... .

A verwerking
B produsering
C handelsmerkgewing
D verpakking

1.1.5 … is die grootste uitgawe op ’n plaas.

A Elektrisiteit
B Water
C Instandhouding
D Arbeid

1.1.6 Die … is verantwoordelik vir die organisering en fasilitering van leerlingskappe in ’n leerlingskapprogram in ’n spesifieke area van die ekonomie.

A Departement van Arbeid
B werkgewers
C Sektor Onderwys en Opleiding Owerheid
D opleidingsverskaffers

1.1.7 Die … is NIE deel van die stel beheerbare taktiese bemarkingshulpmiddels nie.

A plan
B produk
C plek
D prys

1.1.8 … is ’n manier om die goeie punte van ’n produk te kommunikeer en kliënte te oortuig om dit te koop.

A Klassifikasie
B Promosie
C Kleinhandel
D Gradering

1.1.9 ’n Formele klag deur ’n werknemer oor persoonlike onbillikheid of indringing op sy/haar regte by die werk word … genoem.

A ’n misdaad
B ontevredenheid
C ’n grief
D dissiplinêre optrede

1.1.10 KVBA staan vir … .

A Berading vir Gemeenskap, Bemiddeling en Arbitrasie
B Korporasie vir Berading, Bemiddeling en Arbitrasie
C Raad vir Versoening, Modellering en Arbitrasie
D Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie

(10 × 1) (10)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

1.2.1 ’n Appèl is ’n informele versoek dat ’n besluit omgekeer word.

1.2.2 ’n Inset is ’n voorstel of idee wat by ’n bespreking of proses genoem of gebruik word.

1.2.3 Wanneer ’n produsent sy/haar produksie wil aanpas volgens markvraag het die vertraging tussen veranderings in vraag en aanpassing van aanbod ’n positiewe effek op die mark.

1.2.4 ’n Gelykbreek-opbrengs stel die boer in staat om weet watter produksie-opbrengs winsgewend sal wees.

1.2.5 Vee en voorraad se waarde verminder nie.

(5 × 1) (5)

1.3 Kies ’n term uit KOLOM B wat pas by ’n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	’n Brondokument wat toon hoeveel geld uit die kleinkas geneem is om vir klein items te betaal	A	Regulasies
1.3.2	Geld wat gebruik word om iets te produseer	B	Netto plaasinkomste
1.3.3	Voorraaditems wat gebruik word en vervang moet word	C	Aanvullende sekuriteit
1.3.4	Amptelike reëls wat nagekom moet word	D	Skaalbesparings
1.3.5	’n Persoon wat kommoditeite vir ander kommoditeite of geld verruil	E	Kleinkasbewys
1.3.6	Soms belowe jy om iets vir iemand te gee as jy nie die geld kan terugbetaal wat hulle vir jou geleen het nie	F	Kostegedragspatroon
1.3.7	Die tendens om kostes te bestee om ’n sekere gewas te produseer	G	Bevoorradingsdigtheid
1.3.8	Bruto plaasinkomste minus totale plaasuitgawes	H	Insetkoste
1.3.9	Verlaging in koste om iets te produseer wat gewen word deur vlak van produksie te verhoog	I	Vaste kontrak
1.3.10	Die getal diere op ’n weidingsarea	J	Handelaar
		K	AgriSeta
		L	Verbruikbare goedere

(10 × 1) (10)

1.4 Voltooi die volgende sinne deur slegs die ontbrekende woord(e) langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

1.4.1 … is die waarde van mense en hulle vaardighede.

1.4.2 Wanneer ’n besigheid nie genoeg kontant beskikbaar het om die rekenings en uitgawes te betaal wat hulle op daardie tydstip moet betaal nie, is dit in ’n …

1.4.3 ’n Aanhangsel is ’n kort bykomende afdeling aan die einde van ’n boek of dokument. Sulke byvoegsels kan ook ’n ... genoem word.

1.4.4 … is wanneer jy na kostes en inkomstes kyk om te besluit of jy ’n wins maak of nie en of jou besigheid lewensvatbaar is.

1.4.5 ’n … is ’n rekeningkundige rekord wat die finansiële posisie van ’n besigheid teen ’n sekere datum toon deur ’n staat van bates en laste te verskaf.

(5 × 1) (5)
[30]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 2

2.1

Die Covid-19-pandemie het die landboubedryf wêreldwyd geaffekteer. Om die verspreiding van die siekte te stuit, pas sommige boere verpligte inentingsreëls op hulle plaaswerkers toe en indien werkers hulle nie laat inent nie, kan hulle hul werk verloor.

Sommige van die werkers is egter huiwerig om ingeënt te word vanweë verkeerde inligting oor die inentings. Die plaaswerkers is nie gelukkig met die werkgewer se reëls oor gedwonge inentings nie aangesien hulle beweer dat die werkgewers onbillik teenoor hulle diskrimineer. Afwesigheid het ook gestyg as gevolg van Covid-19-infeksies wat tot lae produksie gelei het.

2.1.1 Verduidelik wat bedoel word met die term *onbillike diskriminasie*.
(4 × 1) (4)

2.1.2 Wat sal die werkers moet doen om hulle ontevredenheid oor die gedwonge inenting aan bestuur oor te dra? (1 × 2) (2)

2.1.3 Noem VYF tipiese griewe wat werknemers by die werk kan hê. (5)

2.1.4 Noem AGT situasies waarin die plaaswerkers gesins-verantwoordelikheidsverlof kan neem. (8 × 1) (8)

2.1.5 Covid-19 het die Suid-Afrikaanse boederybesighede negatief geaffekteer. Verskaf SES redes om die stelling te staaf. (6 × 1) (6)

2.2 Om werkers te behou, is ’n uitdaging vir boere. Stel VYF maniere voor waarin boere werkers suksesvol kan behou. (5 × 1) (5)

[30]

VRAAG 3

Die inligting hier onder geld vir Takealot Enterprise soos op 31 Desember 2022. Die waarde van die bates van die boerderyonderneming was soos volg:

PRODUK	RAND
Varke	100 000
Grond	500 000
Vaste verbeterings	400 000
Bokke vir teling	150 000
Geslagte bokke gereed vir verkoop	65 000
Bokvoer aangekoop maar nie gebruik nie	85 000
Isuzu bakkie	75 000
Nissan vragmotor	140 000
Stroper	160 000
Brandstof in tenk	40 000
Banklening	95 000
Bankoortrekking	80 000

Bykomende inligting oor die boerderyonderneming soos op 28 Februarie 2022:

- ’n Banklening is betaalbaar binne 72 maande.
- Saldo van die verbandlening by die Landbank is R460 000.
- R60 000 is gereserveer as ’n vaste deposito by Nedbank.
- Eskom rekening vooruit betaal is R15 000.
- Uitstaande lening op die Nissan vragmotor is R100 000.
- Die munisipaliteit se waterrekening is agterstallig met R5 000.
- Roots Meat skuld R14 000 vir varkvleis gelewer.

Gebruik die ANTWOORDBLAD (aangeheg) om die balansstaat te voltooi.

NOTA: Vir elke verkeerde inskrywing sal ’n punt afgetrek word.

Skryf jou EKSAMENNOMMER op die ANTWOORDBLAD, maak dit los van die vraestel en gee dit saam met die ANTWOORDBOEK in.

[30]

VRAAG 4

4.1 Die tabel hier onder toon die riglyne vir die belasbare inkomste en belastingkoerse. Nkosinathi en Ruth werk vir dieselfde maatskappy en albei verdien R145 000,00 per jaar. Nkosinathi is 40 jaar oud en Ruth is 66 jaar oud. Aanvaar daar is geen toelaatbare aftrekkings nie.

Bereken die bedrag belasting betaalbaar deur Nkosinathi en Ruth.

Toon al die berekenings.

BELASBARE INKOMSTE	BELASTINGKOERSE
R	R
0 – 112 500	18% van elke R1
112 501 – 180 000	20 250 + 25% van die bedrag oor 112 500
180 001 – 250 000	37 125 + 30% van die bedrag oor 180 000

Primêre afslag:	R7 740, 00
Bykomende afslag vir persone van 65 jaar of ouer:	R4 680, 00

[Bron: *SARS*] (12)

4.2 4.2.1 Noem en verduidelik die VIER faktore van die bemarkingsamestelling. (4 × 2) (8)

4.2.2 Beskryf hoe berging doeltreffend as 'n bemarkingshulpmiddel gebruik kan word vir 'n droëboneboer. (1 × 2) (2)

4.3 Gee VIER redes waarom die saldo van die kontant-ontledingsboek van die bankstaat verskil. (4 × 2) (8)

[30]

VRAAG 5

5.1 Marknavorsing gee die boer meer inligting oor die mark vir die goedere wat geproduseer of dienste wat aangebied sal word.

5.1.1 Noem VIER items wat deur marknavorsing verskaf word. (4 × 1) (4)

5.1.2 Noem VYF stadiums betrokke by bemarking. (5 × 1) (5)

5.2 Verduidelik enige VIER reëls wat sake-eienaars kan gebruik om kontantkontrole makliker te maak. (4 × 1) (4)

5.3 Rekordhouding is baie belangrik wanneer 'n besigheid bedryf word.

Beskryf enige VIER voordele van rekordhouding. (4 × 1) (4)

5.4 Noem DRIE maniere waarop die pryse van produkte vasgestel kan word. (3 × 1) (3)

5.5 Ruth wil vir ’n lening aansoek doen om haar winsmarge te verhoog. Gebruik die inligting hier onder en bereken die bedrag beskikbaar vir die nuwe lening.

Toon al die berekenings. ☆

Bruto plaasinkomste	=	R800 000
Totale oorhoofse plaaskostes	=	R150 000
Nie-plaas inkomste	=	R120 000
Inkomstebelasting wat betaal moet word	=	R124 300
Salarisse	=	R110 000

☆ (10 × 1) (10)
[30]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou

(1011034)

ANTWOORDBLAD

EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | |

VRAAG 3

BALANSSTAAT VAN TAKEALOT FARM ENTERPRISE SOOS OP 31 DESEMBER 2022

BATES	R	LASTE	R
Vaste bates		**Lang termyn laste**	
Totale vaste bates		**Totale langtermyn laste**	
Medium-termyn bates		**Medium-termyn laste**	
Totale medium-termyn bates		**Totale medium-termyn laste**	
Bedryfsbates		**Bedryfslaste**	
Totale bedryfsbates		**Totale bedryfslaste**	
TOTALE BATES		**TOTALE LASTE**	
		Kapitale netto waarde	
SALDO		**SALDO**	

Kopiereg voorbehou